

INHOUDSOPGAWE

Wie is jy?	1
Christus in die mid- delpunt	4
So 'n hegte eenheid	6
Die nagmaal in vier belangrike woorde	8

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

WIE IS JY?

CJ de Ruijter

Wie is jy? Dit is 'n vraag wat gereeld gestel word. As jy nuut is in 'n plek of as jy iemand vir die eerste keer ontmoet. Of jy ken nie die persoon nie. Dan vra jy: Wie is jy? Dan sê jy: ek is so en so en jy noem jou naam.

Maar dit sê nog nie alles nie. Mens wil altyd meer uitvind. Aan die begin van 'n nuwe skooljaar sal die onderwyser byvoorbeeld deur die klaskamer stap en die kinders se name vra. En soms sal hy verder uitvra: 'is jy dalk die dogter van so en so? Ja nee, ek het so gedink'.

Dit is nie altyd so aangenaam nie, jy wil nie die seun van so en so wees nie. Jy glo dat jy baie anders as jou Pa is. En gewoonlik is dit ook so. Elke mens is weer anders. Maar tog sal jy op 'n dag beseef dat dit wel 'n verskil maak wie jou vader of moeder is. Dit sê ook iets oor jousef. Dit is waar jou lewe mos begin het! Dit is die wortel van jou bestaan. Jy is wel die seun van so en so.

Dit wil nie sê dat jy daarom net soos daardie iemand is nie, of dat jy so sal word nie. Nee, dit hang af van die manier waarop jy met jou vader en moeder omgaan. Loop jy op die pad wat hulle jou geleer het of nie? Maak jy jou los van hulle of neem jy van hulle oor wat hulle vir jou gegee het?



Daar is Een wat regtig die Seun van Sy Vader was. En Hy wou ook nooit anders wees as sy Vader nie!

Wie is die mens?

Daar loop 'n man in die tuin. Wie is hy? Sy naam is Adam. Dit sê nog nie so baie nie. Maar wie se seun is hy? Adam is die seun van God, skryf Lukas (3:38). Ja, en dit sê alles! As God jou Vader is, moet almal in jou lewe dit kan agterkom. En dit is wat jy ook werklik aan Adam kon sien. Hy het met sy Vader in die tuin gewandel. Die deur het altyd oopgestaan. In die aandkoelte het God na die tuin toe gekom. En Hy het met sy kind gewandel. Hulle was gelukkig saam. Vader en kind.

Maar dan op 'n sekere dag dink die seun: ek wil nie meer die "seun-van"

wees nie. Ek wil nou 'n slag my eie gang gaan. En hy het die deur toegeslaan. Maar wat gebeur as jy by jou vader weggaan? Vra bietjie vir die verlore seun (Lukas 15:11 e.v.). Dit lyk aanloklik: jou eie gang gaan. Maar daar kom 'n oomblik dat jy besef dat jy alleen is. Ontwortel en vervreem van my vader se huis. Wat gebeur met so 'n kind? Daardie kind raak net al hoe meer in die moeilikheid.

Hy ken nie meer die wortel van sy lewe nie. Soms soek hy daarna. Maar eintlik is hy nêrens tuis nie.

Ja, daar loop 'n mens in hierdie wêreld. Wie is hy? Sy naam is mens. Maar dit sê nog nie baie nie. Want wat is die mens? Wie se seun is hy? Hy weet nie. "Laat my toe om myself te wees" is sy leuse. Maar wat dit beteken weet hy self nie eers nie. Hy ken nie meer die wortel van sy lewe nie. Soms soek hy daarna. Maar eintlik is hy nêrens tuis nie. Vervreemd van sy eie vaderlike huis.

Wie is Jesus?

Daar loop 'n man in Galilea. Wie is Hy? Sy naam is Jesus. Uit Nasaret. Dit sê nog nie baie nie. Kan daar uit Nasaret iets goeds kom? Wie se seun is Hy? Van Josef die timmerman. Sê dit genoeg? Nee, nie eintlik nie. Daardeur ken ek Hom nie beter nie. Maar daar is iets aan hom wat aandag vra. Daar waar Hy gaan verander alles. Daar is dit lig. Daar is vrede. Wie is Hy? Elia miskien? Of Jeremia?

'U is die Christus, die seun van die lewende God'. Ja, dit sê alles. Die Seun van God. Dit kom mens van Hom agter. Besig met die dinge

van sy Vader. *'Ek en die Vader is een'.* *'Hy wat my gesien het, het die Vader gesien'.* Wie dit kan sê is waarlik die Seun van God!

'Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.' Is dit dan tog moontlik om Vader te sien? Is daar 'n pad terug huis toe? Is daar plek vir verlore seuns en dogters? 'n Plek waar hulle tuis is? Is daar plek vir ontworteldes? 'n Plek waar hulle geplant kan word? Ja, kyk maar. Daar waar Jesus Christus is, daar gebeur dit. Met ontworteldes, verlore seuns en dogters. Hy soek hulle en kry hulle met Vader se liefde. En dan gebeur dit. Die deur wat toe was, gaan oop. En die huis word weer vol.

Daar bly 'n gesin in Nasaret. Dis 'n groot gesin wat in die huis van die timmerman gebly het: Jesus, Jakobus, Joses, Judas, Simon en hulle susters. So verkeer Hy onder sy broers en susters. So naby. Die Eersgeborene. En na Hom al die ander. Hy is nie skaam om hulle sy broeders te noem nie. 'n Broeder onder die broeders. In alles aan hulle gelyk. Maar die moeder van daardie gesin het geweet watter geheim daarin opgesluit is. *'Uit jou sal gebore word Hy wat die Seun van die Allerhoogste genoem word'.* Seun van God. So verhewe!

Soos Hy is, is daar maar EEN.

EEN Seun wat nog altyd by Vader tuis was. Ook voor daardie tuin daar was.

EEN Seun wat aan die boesem van Vader was.

EEN Seun wat altyd alles wil wat die Vader wil.

EEN Seun wat daarom uitgegaan het om verlore seuns op te soek.

EEN Seun wat baie seuns en dogters huis toe bring.



Elke oordeel van God se toorn in die geskiedenis van die wêreld was 'n heilige handeling van bewaring.

'Wie My gesien het, het die Vader gesien'. Wie dit kan sê is waarlik die Seun van God. Het u Hom gesien? Daar is ook hulle wat Hom nie herken nie. En hulle stap by Hom verby. Nog steeds besig om hulle eie gang te gaan. 'Laat my toe om myself te wees'. Maar wat dit beteken weet jy self nie. Jy ken nie meer die wortel van jou lewe nie. Soms soek jy daarna. Maar eintlik is jy nêrens tuis nie. Van jou vaderlike huis vervreemd.

Mens, wie is jy dan eintlik? Daar kom 'n oomblik dat jy sal besef dat jy alleen is. Werklik jou eie lewe lei is nie moontlik nie. Want die mens wat God gemaak het, is bestem om saam te woon. Saam in Sy huis. Daarom het die Eniggebore Seun gekom. Hy is die deur na die Vader se

huis.

Wie is Hy vir jou?

Dit is 'n belangrike vraag. 'Jy, wie sê jy is Ek?' Wie is Jesus vir jou? Die Seun van die lewende God. Dit sê alles. Alles oor Hom. Maar ook alles oor my. Hy sê dat ek kind van God is. Anders as Hy, inderdaad. Daar is maar Een soos Hy. Daar is baie wat soos ons is. EEN Seun, wat self ook God genoem word. Baie aangename kinders. As jy wil weet hoe ryk dit is, vra 'n kind wat aangeneem is. Eers ontwortel, sonder vader, sonder moeder, sonder huis, alleen. Maar dan: 'n Vader, liefde, veilig, tuis.

Wie is jy? Wil jy kind van jou Vader wees? Dit sê alles oor jou. Vra maar vir die Seun van God!

Lees verder:

[Wie is ons?](#) Lees hierdie artikel en verstaan ons identiteit as Christene beter. Ons identiteit het ook te doen met die feit dat ons [die naam van God dra](#). Lees verder...

Die gemeenskap van die gelowiges het in die vroeë kerk gegroei, nie omdat die kerk gesofistikeerde metodes, programme, netwerke, navorsers en deskundiges gehad het nie – al wat die Christene destyds deur dik en dun gehad het, was vertroue op die beloofde teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees. Baie van diegene wat vandag na kerkgroei streef, sal waarskynlik hulle prioriteite moet hersien.

G. Spykman

Ons moet net soveel aandag gee aan goeie *werk* as aan goeie *werke*.

- CS Lewis

CHRISTUS IN DIE MIDDELPUNT

G Gunnink



'n Groot verandering wat in die kerk opgemerk word, is dat daar baie meer aandag gegee word aan die mens, aan u, aan jou. Lees die evangelie volgens Johannes en 'n mens sal daardeur getref word dat Jesus tydens persoonlike ontmoetinge mense in hul verlorenheid opsoek.

Maar so 'n fokus bly slegs suiwer as Hý in die middelpunt staan en nie jy nie.

Indien ons bostaande reg verstaan, sal ons meer uit die erediens ontvang. Sien Christus in die middelpunt van die erediens, dan is jy beter toegerus om 'n erediens te beleef soos wat God dit bedoel.

As jy byvoorbeeld tydens die erediens hoofsaaklik op jouself konsentreer, vergeet jy maklik dat daar 'n verskeidenheid van mense bymekaar is in die kerk. Jy is tydens die erediens nie dié maatstaf van alle dinge nie. Die Heilige Gees is nie net aan jÓú gegee nie, en wil nie net met jÓú alleen werk nie.

Daar is gemeentelede wat, op geestelike vlak, 'melk' nodig het. Hulle is nog nie volwasse in die geloof nie. Hulle is nog afhanklik van geestelike 'babavoeding'. Petrus skryf in 1 Pet. 2:2 die volgende aan die weergebore mense in Klein Asië, wat God nog nie lank ken nie: *“Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroeï en die saligheid verkry.”* As jy geproe het hoe goed God is, wil jy nog meer hê!

As jy 'n Christen is wat lank gelede reeds vir God leer ken het, dit wil sê dat jy geestelik gesproke nie meer 'n suigeling is nie, toon dan jou volwassenheid deur dankbaar te wees vir die melk vir nuwe weergeborenes. Moet dan nie uit die hoogte sê: *“Dit is nie hiervoor (vir die melkkos) waarvoor ek na die erediens toe gekom het nie. Hierin stel ek nie belang nie.”*

Wees dankbaar vir die suigelinge. Jy sit nie vir niks in die kerk nie, maar vir die Here, en vir mekaar. Geniet daarvan dat die ander gemeentelede nou kan geniet. God het 'n voorliefde vir die wat nog klein is in die geloof (Mat. 18:10). Ag jy jou nie dalk te belangrik om van die verskeidenheid te geniet nie?!

Aan die ander kant: Die wat pas weergebore is, het nie nodig om te huil as daar 'n erediens gehou word waar die predikant vaste voedsel uitdeel nie. In die brief aan die Hebreërs verwyf die Heilige Gees dié Christene wat altyd maar net by die eerste beginsels van die geloof wil stilstaan. Heb. 5 sê: *lemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. Vaste kos is vir grootmen-*

Die evangelie is nie 'n menslike plan om boontoe na God te reik nie, maar 'n heilige plan om af te reik na die mens.

- Onbekend

se, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.

Ons hoor baie keer van jeugdienste, kinderdienste, gastedienste ens. En daar is verseker nog groepe in die kerk waaraan 'n mens kan dink. Jeugdienste of kinderdienste of gastedienste is alles byname, want dit gaan oor Godsdien (om God te dien). Wat in die erediens gebeur hoef nie in lyn te wees met jou gevoel nie. Jou gevoel vir styl of gevoel vir eerbied hoef nie vir ander 'n norm te wees nie. Die erediens hoef ook nie altyd in lyn te wees met jou stemming nie, hoe moeilik dit ook al kan wees. Miskien bevind jy jou midde in 'n rouproses terwyl die erediens vol 'hallelujas' is. Miskien voel jy gelukkig, en dan word jy in die erediens met jou sonde gekonfronteer. *Christus is dikwels steurend aanwesig in ons lewens.* As Hy daarmee geëer word, dan is dit goed. Jy kom nie vir jou terapie nie, maar vir Sý liturgie. As jy dit besef, sal jy opmerk dat dit jou goed doen. en dat Christus helend en troostend naby jou is wanneer die fokus op Hom is.

Waarmee is jy in die ere-diens besig? Christus trek jou uit jou selfgerigtheid weg na sy konfronterende liefde. Daarom mag jy van 'n erediens verwag dat daar in die preek baie moeite gedoen sal word met die goeie uitleg van die Woord van God, en dat daar nie waardelose menslike praatjies en idees aangebied sal word nie. Laat ons onthou: 'n gerigtheid na Bo is in die

eerste plek 'n gerigtheid op God se Woord. Die Woord van God is 'n tweesnydende swaard en nie 'n lepel vol lekkernye om geëet en verbruik te word nie. Moenie te vinnig by die noukeurige bestudering van 'n Bybelvers begin sê nie: Is dit nou regtig nodig? So 'n intensiewe bestudering sou juis 'n bewys kon wees van 'n intensiewe opkyk na Bo! En hiermee saam: 'n Preek met 'n hoë vermaaklikheidswaarde is daarmee nog nie noodwendig 'n goeie preek nie. En 'n "lekker" erediens kan wel by geleentheid 'n erediens wees waarin jy nie die evangelie radikaal genoeg gehoor het nie.

'n Ontmoeting met Christus is nie noodwendig

**Christus is dikwels steurend
aanwesig in ons lewens.**

aangenaam nie, alhoewel daar tog niks mooier as dit is nie.

En laat 'n intensiewe aandag vir die teks tog asseblief saamgaan met 'n deurleefde Geesdrif! Niemand wag vir amusante vermaak of vertoon van geleerdheid nie. Bewaar ons tog van vervelige preke, en bewaar ons veral van preke waarin die prediker as mens vóór die Bybel of vóór Christus staan. Die prediker moet minder word sodat Christus se sy wil in die middelpunt kan wees.

Lees verder:

Kenmerkend van die erediens is juis die ontmoeting met Christus. Lees hier verder oor wat [kenmerkend is van 'n erediens](#) en [onderskeiding in die erediens](#).

Die evangelie is nie 'n leer van die tong nie, maar van die lewe.

- J Calvyn

SO 'n HEGTE EENHEID

M Brink

Tydens die laaste Pasga, voor Jesus se sterwe, het Filippus vir Jesus gevra: "Here, wys vir ons die Vader en dit is vir ons genoeg (Joh. 14).

Hoekom het Filippus dit gevra? Omdat Jesus meer en meer gepraat het oor sy heengaan na sy Vader toe. Daarmee het Hy blykbaar sy sterwe bedoel. Dit het weereens verwarring gebring onder sy leerlinge. Hoe

kan Hy wat so majestueus heers oor siekte en dood, dan self sterf? Sou die Gesalfde van God kon sterf en faal in sy messiaanse werk? Hy het sekerlik iets anders bedoel, maar wat dan? Of.....of is Hy dalk tog nie die Messias nie? As Jesus tog net een keer die hemel sou oopmaak, sodat hulle die Vader kon sien, waarvan Hy altyd gepraat het, dan sou hulle weet of Hy die regte beeld van God gegee het. Dan sou hulle weet of Hy meer betroubaar is as die rabbi's.

Jesus sien hul verwarring raak. Hy weet ook dat die verwarring na sy sterwe nog groter sal wees. Later kom die enorme vertwyfeling. Het ons ons dan tog misgis? Dan sal ons ook die verwondering, die onderlinge verwyte en bakleiery uit pure teleurstelling kry. Daarom benadruk Jesus sterk: Bly bymekaar en julle moet mekaar liefhê (13:34). En: Vertrou op God en op My (Joh.



14:1). Dit is asof Jesus sê: *Dit is alles reg soos Ons dinge nou laat verloop. Vertrou hierop, ook al sien jy nou niks nie.* Hy sê dan ook vir Filippus: "Ek is nou al solank by julle en nog steeds ken julle My nie. Wie my gesien het, het die Vader gesien. Hoe kan jy dan sê: 'Laat ons die Vader sien?'"

Laat ons hierdie antwoord van nader bekyk, veral ten opsigte van wat ons moet glo oor die Drie-eenheid van God. Eintlik antwoord Jesus nie die vraag nie. Filippus wil dit kan kontroleer: Laat my sien of die Vader werklik is soos U sê". Maar Jesus sê vir hom dat hy hierdie kontrolemoontlikheid al lankal gehad het: Ek is tog by jou en so kan jy tog die Va-

der sien?

Dan sou Filippus steeds kon sê: "Ja, maar ek wil juis net die Vader sien, los van U. Dan kan ek vergelyk. Is Hy werklik soos U sê dat Hy is?"

En dit is dus vir Jesus glad nie nodig nie. Die-Vader-los-van-Jesus sou rêrig nie 'n ander prentjie gee nie as die Vader-in-Jesus. Sterker nog, die Vader kan nie los van Jesus gesien word nie. Laat Filippus maar goed kyk na die persoon agter Jesus se woorde. Dit lyk so baie soos die Vader sodat daar geen twyfel moontlik is nie. Wanneer jy met jou oë sou knip, sou jy selfs kon be-

Ons is geneig om baie meer besorg te wees oor die resultaat van die evangelie as oor die suiwerheid daarvan.

- AW Pink

gin twyfel: Is dit nou die Seun of die Vader wat hier voor my staan?

Dit is selfs nog sterker as wanneer 'n seun presies soos sy pa lyk. "So sou sy pa ook gemaak het," sê mense dan baie keer. By hierdie goddelike Seun is dit baie sterker: Sy Vader werk werklik in Hom. Hulle lyk nie net soos mekaar nie. Hulle is werklik een.

Wanneer jy met jou oë sou knip, sou jy selfs kon begin twyfel: Is dit nou die Seun of die Vader wat hier voor my staan?

"Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie, maar dit kom van die Vader, wat in My bly en sy werk doen deur My." (Joh. 14:10)

As Christen proe 'n mens hier weer iets van die geheim: Vader en Seun, so volmaak een, dat dit lyk of hulle dieselfde is. En tog is hulle ook verskillend. Die Seun kan ook tot die Vader bid:

"Dan sal Ek die Vader vra....(14:16). As hulle werklik een Persoon was, sou dit nie nodig gewees het om so te bid nie.

Hoe kry 'n mens nou die regte woorde om die eenheid en verskeidenheid van die Vader en die Seun te beskryf? Jy kan dan net 'n eerbiedige terme van ons onvermoë kry: Drie Persone in een Wese. En moet eerder nie vra na die definisie van die woord 'Persoon' nie. Ook nie van die woord 'Wese' nie – 'n term wat maar baie vaag is. Want *hoe* die eenheid tussen die Drie Persone is, sê God nie vir ons nie. Dit is dinge waarvoor ons in die ewigheid met God meer sal leer.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeeltes is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse te onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie: eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. (NGB Art 8).

Lees verder:

Die lewe en werk van die Drie-eenheid is nie altyd eenvoudig nie. Tog is dit nie net vir die geleerdes nie, maar [vaste kos vir alle gelowiges](#). Die [Drie-enige God nooi ons uit](#) vir 'n lewe saam met Hom as drie Persone.

**Om God te soek is om blydschap te begeer;
om Hom te vind is daardie blydschap.**

- Augustinus

DIE NAGMAAL IN VIER BELANGRIKE WOORDE

T Dijkema

In hierdie artikel wil ek vier punte behandel wat van belang is by ons nadenke oor die Nagmaal. In volgorde is die vier punte:

- Die Nagmaal as *gedagtenis*;
- Die Nagmaal as *verkondiging*;
- Die Nagmaal as *gemeenskap*; en
- Die Nagmaal as *verwagting*.

1. Die Nagmaal as gedagtenis

“Doen dit tot My gedagtenis.” Met hierdie - en ook die ander woorde - (“die brood is My liggaam” en “hierdie beker is die nuwe testament in My bloed”) het die Here Jesus sy boodskap van verlossing op ’n ongeëwenaarde wyse saamgevat. Meer as ’n lang preek en meer as ’n indringende brief, wil hierdie woorde aan ons die kern van die evangelie aandui. Maar wat beteken ‘gedagtenis’? Wat beteken ‘gedenk’?

‘Gedenk’ is ’n woord wat ons al uit die Ou Testament ken. Dit beteken meer as ‘herinnering’. By ‘gedagtenis’ moet eerder aan ’n monument gedink word. So het die klipstapel by die Jordaan ’n blywende monument gevorm, wat herinner het aan die intog in die beloofde land (sien Josua 4:4-9, 20-24). Dit is ’n klipstapel wat God se dae van bevryding blywend in die geheue inprent. Ook die altaar wat die stamme oorkant die Jordaan neergesit het (Josua 22:10, 26), is ’n monument van trou en toewyding, en ’n blywende herinnering en gedenkteken wat dieselfde taal praat, met een altaar as getuigenis van ’n blywende toewyding aan God.



Ek dink vervolgens aan Ps. 111:4 : ‘Hy sorg dat sy magtige dae nie vergeet word nie. Genadig en barmhartig is die Here’. Die gedagtenis – ’n monument – herinner aan die dae van die Here God. Die monument bring by die volk van God ’n blywende herinnering hoe goed en naby die Here is.

As die Here Jesus sê: ‘doen dit (die breek en eet van die brood, die drink van die wyn en om danksegging uit te spreek) tot my gedagtenis’, beteken dit dat die brood en die beker wat jy in jou hande neem en wat jy proe, ’n monument vir Hom is.

Dit is nie so dat jy deur die brood te eet en die wyn te drink, as’t ware vir God aan Christus herinner nie, so asof jy God aan sy Seun wil herinner. Dit is juis die omgekeerde: dat God, deur hierdie besondere tekens, ons daaraan herinner wat Christus gedoen het. Die Nagmaal is ’n monument wat ons aan Christus se opregte liefde en trou herinner, en ons ook daarvan verseker. Dit is nie ’n monument uit die gryse verlede nie, wat jy so af en toe liefkosend en met verte-

**Weet u wat dit is wat die hemel hemels maak? Gemeenskap met God.
Weet u wat die hel hels maak? Om van God verlaat te wees.**

- RB Kuiper

dering bekyk en sê: ag, kyk wat het in daardie tyd gebeur, nie. Nee, dit is 'n monument wat vandag sy duidelike taal praat en 'n kragtige getuie-nis gee, waarby jy nie verby kan kom nie.

2. Die Nagmaal as verkondiging

Die uitspraak van Paulus in 1 Kor. 11:26 is bekend: *'Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom'*. Die woord "verkondig" kan ook beteken "aankondig", iemand wat "goeie nuus" bekend maak.

Ek glo dat hierdie uitspraak 'n toevoeging is van Paulus. Dit is nie meer 'n aanhaling van 'n letterlike woord uit die mond van die Here nie, soos in verse 24 en 25. Paulus, gelei deur die Gees wat hom inspireer, ken aan die handeling van eet en drink die betekenis toe van 'verkondig'. Paulus weet wat verkondiging is! Hy het dit tallose kere gedoen tydens sy reise. Vergelyk Handeling 13:5; 15:36; en 17:3,23. Hy het daarvoor in sy briewe geskrywe: 1 Kor. 2:1; Fil. 1:17,18; en Kol. 1:28. Op elke plek word feitlik dieselfde woord gebruik.

**Ons het nooit 'n dieper
gemeenskap met Christus as
wanneer ons sy liggaam en bloed
saam ontvang nie.**

Paulus stel dit hier dat dié eet en drink 'n *verkondiging* is. Dit is moeilik om te sê of die apostel daarmee bedoel dat die handeling op sigself 'n verkondiging is, of dat hy hier dink aan die woorde wat by die handeling gesê is. Albei is moontlik. Ek self dink meer aan die eerste: die handeling van breek, eet en drink is 'n verkondiging.

Nagmaalviering is immers Christusverkondiging.

Daarom is ek van mening dat dit nie korrek is nie om 'n teenstelling aan te bring tussen die verkondiging van die Woord, aan die een kant, en die viering van die Nagmaal andersyds. Die amptelike verkondiging van die Woord, die proklamasie van die heil, bly noodsaaklik. *'Hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie?'* (Rom. 10:14). 'n Nagmaalviering sonder verkondiging van die Woord, hang in die lug. Maar om kortweg te sê dat die toename in die viering van die Nagmaal ten koste van die Woord is, is ook nie 'n sorgvuldige wyse van praat nie.

In Art. 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis staan dié mooi sin: *'Ons ontvang die heilige sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus, ons Verlosser, onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen.'* Hierby verwys art. 35 na 1 Kor. 11:26. Ons bywoning van die Nagmaal is 'n openbare handeling: 'n belydenis van ons geloof en die verkondiging van die dood van ons Here, as die enigste grond van ons heil. Daarom is dit belangrik om die belydenis sigbaar te maak, deur op te staan van jou sitplek af en na vore te tree, sodat elkeen dit kan sien en hierdie woordlose verkondiging kan hoor: *'Ek glo in Jesus Christus, my Heiland, wat gesterwe het en wat leef'*.

3. Die Nagmaal as gemeenskap

Hierdie aspek is die mooiste en die diepste van die Nagmaal, nl. die gemeenskap met Christus (en daarom ook onderlinge gemeenskap, waarop ek nie nou verder op ingaan nie). *'Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?'* (1 Kor. 10:16).

**Hy wat goedheid ontvang, moet dit nooit vergeet nie;
hy wat dit gee, moet dit nooit onthou nie.**

- Pierre Charron

Ek herinner aan die sterk woorde van die Here Jesus self, soos opgeteken is in Joh. 6, veral verse 52-56): *'My liggaam is die ware voedsel, en My bloed is die ware drank. Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.'* (verse 54 en 55).

In 1 Johannes kom ons herhaaldelik die gedagte teë van die 'bly in Christus' (sien 1 Joh. 2:5-6; 2:24-25; en 3:6,24). Ek wil 'n verband sien tussen die gedagte van die 'bly in Christus' en die Nagmaal. Deur te eet en te drink, ontvang ons die tekens van Christus se liggaam en bloed in ons liggaam. Nooit word ons méér één met Christus nie, en nooit word dit voelbaarder of tasbaarder as by die Nagmaal nie.

Ek dink hier altyd aan dit wat Paulus in Ef. 3:17 en 18 skryf: *'dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gehuisves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. . . . liefde wat ons verstand te bowe gaan.'*

Die liefde van God, wat die kennis te bowe gaan, "ken" ons daar waar Christus Homself aan ons gegee het, in die tekens van brood en wyn.

Hierdie onderrig van die Bybel word deur die belydenis onderstreep. Hierbo het ek art. 35 NGB genoem. Ek gaan die artikel weer gebruik: *'So waarlik as wat ons die sakramente ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet en drink, en dit daarna ons lewe in stand hou, net so werklik ontvang ons vir ons geestelike lewe, in ons siele, deur die geloof – dit is die hand en mond van ons siel – die ware liggaam en die wa-*

re bloed van Christus, ons enigste Verlosser, om ons geestelike lewe in stand te hou.'

Christus *'doen immers in ons alles wat Hy vir ons, deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en al is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur, net soos die werking van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is.'*

Dit is ook mooi hoe Sondag 28 van die Heidelbergse Kategismus hierdie dinge in woorde uitdruk.

Vraag en antwoord 76 behoort tot die mooiste van ons gereformeerde belydenis: **Vraag:** *'Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink'.*

Antwoord: *'Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie. Dit beteken boonop om deur die*

Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word, dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is, . . .'

Hier praat die kategismus die huwelikstaal van Adam in Gen. 2: *'Vlees van my vlees'*. Hierdie dinge word voltrek as ons die dood van Christus gedenk, vier en verkondig. Ons het nooit 'n dieper gemeenskap met Christus, deur die geloof, as wanneer ons sy liggaam en bloed saam ontvang nie.

Daarom is die gemeenskap met Christus die hart van die Nagmaalsviering. Daarom het die Here hierdie teken aan ons gegee.



Ons vergelyk geestelike groei met die groei van 'n plant. Ons sien nie die plant groei nie, maar elke nou en dan sien ons dat dit gegroei het.

- John Flavel

4. Die Nagmaal as verwagting

'Ons geniet aan die Nagmaalstafel 'n voorsmaak van die oorvloedige vreugde wat Christus toege-sê het. Ons sien met groot verlange uit na die bruilofsmaaltyd van die Lam, wanneer Hy die wyn met ons nuut sal drink in die koninkryk van sy Vader. Daarom mag ons bly wees en ons vreugde uitleef en Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam is aan die kom.'

In hierdie paar sinne uit ons verkorte Nagmaals-formulier word belangrike Bybelse aspekte saamgevat. Eerstens was dit die Here self wat

**... so met sy geseënde liggaam
verenig te word, dat ons vlees van
sy vlees en been van sy gebeente
is.**

by die instelling van die Nagmaal by die Paas-maaltyd gesê het: *'Van nou af sal ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.'* (Mat. 26:29).

Wanneer Paulus die Korintiërs onderrig oor die betekenis van die Nagmaal, sê hy: *'Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here tot dat Hy kom'* (1 Kor. 11:26).

En oor die *'bruilof van die Lam'* skryf Johannes in Openbaring 19:6-10, waarin ons die woorde

hoor: *'Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.'*

Ek herinner ook aan die kere dat die Here Jesus in sy onderrig die verwagte groot toekoms vergelyk met 'n koninklike bruilofsmaal, of woorde van 'n soortgelyke strekking.

Die volmaakte het nog nie gekom nie. Ons mag egter nou reeds die taal van die bruilof gebruik (vlees van sy vlees, been van sy gebeente), as dit oor die Nagmaal gaan. Nou reeds geniet ons die gemeenskap met Christus. Maar dit is 'n gemeenskap-in-geloof, waarin ons nog nie in aanskoue en in die volle werklikheid die Here ken nie, en Hom ook nog nie aanraak en die brood en die beker uit sy hand ontvang nie. Elke Nagmaalsviering is vir ons 'n oefening in die geloof. Is daar by ons nog 'n lewende verwagting dat Jesus besig is om te kom? Elke Nagmaal is nodig, om ons verwagting op Christus te vestig (vergelyk die *'so dikwels'* van 1 Korintiërs 11).

Die genoemde vier gesigspunte dui aan hoe onmisbaar die Nagmaal is vir ons geloofslewe. Daarom mag ons verwag dat ons deur die sakrament van die Nagmaal in ons geloof versterk sal word.

Lees verder:

By die nagmaal vier ons die [trou van God wat sy beloftes vervul het](#). Bostaande artikel noem dat die gemeenskap met Christus ons onderlinge gemeenskap ook bevorder. Lees hieroor meer in 'n artikel oor die [nagmaalsbeker](#).

Evangelisasie wat nie lei tot groei in die gesonde leer nie, is net so verkeerd soos regsinnige Christen wie se gesonde geloof nie lei tot 'n omgee en gesprek met hulle wat verlore is nie.

- Francis Schaeffer